

September 2023



wenakker

— NUUSBRIEF • NEWSLETTER —

2 Korintiërs 9:10 " En mag Hy wat saad verskaf aan die saaiër, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem. "



Foto: Zarita Jonker, Riversdal

'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT

SSK ALGEMENE JAARVERGADERING, 21 JULIE 2023



SSK Voorsitter: Dirk van Papendorp

Ek het besluit om vir vanjaar die tema "STABILITEIT" te kies, alhoewel verskeie ander temas ook gepas sou wees.

Op 'n stadium het dit gevoel asof ons hier op die plat-teland die onsekerhede en veranderinge wat die wêreld teister gaan ontsnap, maar helaas moet ons vandag noodgedwonge 'n "nuwe normaal" hanteer.

Die landbousektor het aanvanklik goed presteer, maar later het ontwinging van internasionale verskaffingskettings die stabiliteit beïnvloed. Skeepsvervoer was duur, voorsieningskettings onstabiel en voorrade van kritiese komponente het moeilik verkrygbaar geword. Stygings in insetkoste soos kunsmis, onderdele en veevoer, asook brandstof het landbouers in 'n knyp-tang gehad.

Die afgelope drie jaar het die belangrikheid van stabiliteit vir wêreldhandel duidelik geword, en dit is belangrik om ook plaaslik gerat te wees wanneer internasionale verskaffingskettings ontwig word. Die rol van landbou in SA om stabiliteit te verseker, moet erken en ondersteun word deur die maghebbers en besluitnemers in die regering. Suid-Afrika se voedselverskaffingsrol strek veel verder as sy grense en bevoordeel ook buurlande.

SSK attempted where possible, to limit the disruption for our members by focusing on timeous procurement through the shortening of the process. The financial results of SSK prove that we were successful in creating a stable basis for our members.

Die strategiese besluite van die verlede, en ook dit wat vanjaar geneem is, ondersteun groei en het 'n basis geskep vir lede om ook hul eie besighede te laat groei.

The favourable agricultural conditions in the SSK region, are indeed gratifying. The outlook for the pending grain harvest is promising and irrigation dams are full. The higher milk price compensates for the higher feed prices, while meat prices are also rising steadily. The citrus industry is recovering and insidious fruits are benefiting from the

weaker rand and decreasing freight costs. The table is thus set for an even better 2023/2024 year in our service area.

Die direksie en bestuur hou vol om met strategiese investerings dit vir u as lid moontlik te maak om te floreer. Ons glo dat die koöperasie as ondernemingsvorm steeds die mees stabiele platform skep, om dit vir u moontlik te maak om te fokus op die effektiewe bestuur en optimalisering van u eie onderneming. As u wen, wen SSK ook, dus "Werk Saam, Wen Saam"!

Die direksie het in Desember 2022 afskeid geneem van Henk de Beer wat vir 33 jaar betrokke was by feitlik elke afdeling in SSK. Henk was voorwaar instrumenteel om SSK te groei tot die suksesvolle organisasie wat dit vandag is. Ons wens hom net die beste toe vir sy uitrede en wil hom langs hierdie weg bedank vir sy onvermoeide ywer en toewyding oor die jare.

We thank every employee for selfless service rendered. You are like family when one visits our branches and are instrumental in building and sustaining our organisation.

Ek bedank graag die direksie en bestuurspan vir hul toewyding gedurende die jaar. Die moeilike besluite is maklik gemaak deur julle insette en ons kon saam bou aan 'n SSK wat die toekoms met vertroue tegemoet kan gaan en die storms van 'n onstabiele wêreld ekonomie die hoof kan bied, nie net vir die onderneming self nie maar ook vir die lid.

Kom ons bou saam met u aan 'n SSK wat die landbousektor in hierdie uitdagende tye kan ondersteun. SSK is daar vir u en wil graag deel wees van die proses om u as boer se sukses en welvaart in die komende jaar te verseker.

Ons kan dit slegs bewerkstellig as ons onwrikbaar in ons Skepper bly glo deur wie alles moontlik is. Laat ons Sy hand in alles sien en by Hom die antwoorde soek as ons onseker is oor waarheen die pad lei.

Geniet dit wat u doen, die volheid wat die natuur vanjaar vir u bied en woeker in vreugde voort!

- Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter)

Jaarverslag beskikbaar by: www.ssk.co.za/oor-ons/finansieleverslag

HOOFBESTUURSTOEKENINGS 2023



Van links na regs: Anelda Burger (Admin beampte: Krediet, Swellendam); Pieter Malan (Hoofbestuurder: Graandienste), Martin Pretorius (Werktuigkundige: Meganisasie, Heidelberg), Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin), Freddie Jacobs (Silo-operateur: Graan, Karringmelksrivier), Maureen Phillips (Skoonmaker, Heidelberg) Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersiële), John Mong (Interne Ouditeur, Swellendam), Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter) en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende beampte).



ALGEMENE JAARVERGADERING

21 JULIE, SWELLENDAM |

FOKUS OP: ALGEMENE JAARVERGADERING



V.l.n.r.: Carola Koekemoer, (Risiko Adviseur, Versekering Swellendam), Abrie Jooste (Risiko Adviseur, Versekering Swellendam), Retha Schroeder (Verhoudingsbestuurder Sanlam) en Mic Gildenhuys (Bestuurder Versekering).



V.l.n.r.: Mariska Malan (Beroepsveiligheidskoördineerder), Adelene van Zyl (Kommoditeit Spesialis) en Bessie die koei.



V.l.n.r.: Stander Terblanche (SSK-lid), Simon Streicher (SSK-lid), Andre Joubert (Senior bestuurder: Krediet), Johann Reinecke (Direkteur), Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersieel) en Thys Streicher (Direkteur).



Francois Swanepoel, Hoof Uitvoerende Beampte, aan die woord.

SSK SKOLE GRAANPROJEK



KYKSIM BOERDERY (EDMS) BPK v.l.n.r.: Tersus Swart, De Villiers Swart, Johan Swart en Pieter Malan (Hoofbestuurder: Bedrywe)

Die SSK Skole Graanprojek behels dat graanprodusente wat oestyd-2022 by SSK graan gelewer het, 'n kans gestaan het om 'n R40.000 SSK koop-bewys te kon wen. Graanprodusente lewer graan vir 'n skool van sy/haar keuse, (solank dit binne die SSK bedieningsgebied en by 'n SSK silo is), en elke ton van hierdie graan dien as een inskrywing ten einde die prys te kan wen. Die graan vir 'n spesifieke skool gelewer deur die produsent, word deur SSK teen markverwante pryse aangekoop en die inkomste word aan die betrokke skool toegeken vir gebruik na die skool se goeddunke.

Foto's: Marika Ackhurst

FRANCOIS SMIT

SENIOR BESTUURDER: INFORMASIE

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is gebore in Pretoria, en het die eerste helfte van my lewe in die noorde van ons pragtige land, op 'n bosveld plaas, naby Brits in Noord-Wes, gewoon. My geloof is die belangrikste deel van my lewe, en ek is aktief betrokke by ons kerk oor die hele wêreld en ook die plaaslike gemeenskap. Jesus is die belangrikste persoon in my lewe en sonder Hom sou my lewe in 'n heel ander rigting gegaan en uitgedraai het. Ek is 'n groot familie-man en het ek 'n oneindige diep liefde vir my vrou, Elize, en ons twee kinders, Luan (15) en Liebe (11), wat hul hele lewe al in Swellendam woon. Die res van ons gesin bestaan uit Ouma Isabel, 'n baie besige jong hond Yuki, 'n ou vet swart kat, Jack, wat nie regtig weet of hy 'n kat of 'n mens is nie, 'n singende budgie, Sweetie, en Frikkie die "immortal" vis wat al 5 keer dood was.

WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons hou daarvan om tyd saam te spandeer. Van saamstap met ons hond, 'n goeie fliek saam te kyk, 'n bootreis te onderneem of te kamp langs 'n vuurtjie. Ons geniet dit baie om saam enige avonture aan te pak, nuwe plekke te besoek en goeie ondervindings te beleef.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het die voorreg gehad om my hoërskoolloopbaan aan die voet van die Magaliesberg af te sluit by die Hoërskool Hartbeespoort waar ek vir die eerste keer aan programmering blootgestel is, in 1993. Na skool het ek in 1998 by MGK begin werk in die rekenaar afdeling en 'n internskap program voltooi, waartydens ek die tweede plek in die nasionale programmering eksamen behaal het. In 1999 het ek na Kaapstad verhuis, by Trentyre aangesluit en 'n paar jaar later by Digica (Computercenter), 'n internasionale sagteware besigheid, begin werk en kliënte van regoor die wêreld ondersteun.

In 2007 het ek by SSK in Swellendam aangesluit as 'n programmeerder, waar ek in die laaste paar jaar blootgestel is aan 'n wye verskeidenheid besigheidseenhede. Ek het ook in 2016 die BSC Informatika-graad deur UNISA voltooi. Verlede jaar het 'n nuwe uitdaging opgeduik en my loopbaanrigting het verander van programmering na die bestuur van die Informasie span. Ek is baie opgewonde en bevoorreg om saam met die span te werk, hulle te lei en te motiveer. Ek sien ook baie uit na die nuwe uitdaging om SSK te help bou aan nuwe stelsels om ons tegnologieë die voorloper in die agri bedryf te maak.



Die Smit familie v.l.n.r: Luan, Liebe, Elize en Francois Smit

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Een van my grootste loopbaanprestaties was om in 2010 deel te wees van die span wat SSK gehelp het om die vorige 30-jaar oue rekenaarstelsel met 'n hele nuwe stelsel, SAP, te vervang. Saam met die nuwe stelsel het ek 'n hele paar onderliggende stelsels help bou, wat steeds daagliks gebruik word deur die hele SSK.

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Wat die toekoms betref, is ek opgewonde oor SSK se groot potensiaal om uit te brei en te diversifiseer. My visie vir SSK is dat ons die voorloper in die agri bedryf sal word oor die volgende paar jaar. Dat Informasie en die Tegnologie span, SSK kan help outomatiseer en alle maandelike prosesse meer effektief kan maak. Ek is 'n groot voorstander van saamwerk as 'n span en my wens is dat SSK se personeel en lede elke dag ons leuse ten volle sal uitleef en waarlik as een groot span saam werk.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

"Our situation might not change but our perspective can". Partykeer probeer ons so hard om uit ons situasie te kom dat ons vergeet om in die huidige oomblik te lewe, so mis ons die helfte van ons lewe omdat ons 'n verdraaide perspektief het. Soek altyd die goud in ander en weet dat sonder Jesus daar geen waarde in die lewe is nie.

WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?

Baie min mense weet dat ek op hoërskool in twee opeettes opgetree het en ook in die Noord-Transvaalse jeugkoor gesing het. Ek was ook 'n ekstra in 2 flieks wat 'n ongelooflike ondervinding was.



LANGDIENS ERKENNING

30 JAAR: Douglas Adams

25 JAAR: Jaco Jonker

20 JAAR: Michelle Michaels, Dirk Saayman

15 JAAR: Tammy Coetzee, Hagar James, Rodney Baadjies, Lyndon Booysen

10 JAAR: Lizzy Jacobs, Elzaine Jansen, Elias Arends, Heinrich Janse van Rensburg, Elizabeth van Zyl, Aubrey Theodore, Gerald Hartnick, Ryno van der Merwe, Janico Magida, Jason Kasper



Douglas Adams (Graangradeerder: Riversdal Silo) word gelukkig deur Hanno Laufs (Silobestuurder) met 30 jaar diens.



Jaco Jonker (Bestuur: Pakmateriaal Haarlem) word gelukkig deur André Burger (Senior Bestuurder: Handel) met 25 jaar diens.

JAMES ACKHURST: MAG DIE GROTES BYT!



James Ackhurst en Villiers van Veen.

James Ackhurst, Bestuurder: Versekering het einde Augustus 2023 afgetree na 45-jaar diens by SSK. Hy is geliefd deur ieder en elk wat hom ken. Só skryf Villiers van Veen, sy vriend en Hoofbestuurder: Finansies en Admin oor hom: "Dit is 'n voorreg om vir amper 12 jaar saam met James te kon werk. Sy liefde vir mense staan uit en sy passie vir die versekeringsbedryf is tasbaar. Sy aftrede laat 'n groot leemte, maar ons gun hom laer stresvlakke en meer tyd saam met sy vrou, Rialda, kinders en al méér wordende kleinkinders! Mic het groot skoene om vol te staan, maar ek is dankbaar dat hulle die laaste 3 en 'n half jaar daagliks saam kon werk. Ek glo dit sal die oorgangstydperk glad laat verloop en is vol vertroue dat ons sal kan voortbou op die ongelooflike versekeringsbesigheid wat James vir SSK tot stand gebring het en tot hier gelei het.

JAMES ACKHURST: 'N DOGTER SE GETUIGSKRIF



James en Marika Ackhurst

Dis 'n voorreg om ouers te hê, dis 'n groter voorreg om kinders te hê, maar dié grootste voorreg is om MY Pa, James Ackhurst as my pa te hê. My pa, die lag en lewe van enige geleentheid. Die lekker lag, wat jy van oraloor kan hoor, as hy somer spontaan net begin sing of 'n liedjie neurie. Ons noem hom nie verniet "Rysmier" nie, want stilsit en niks doen verstaan hy nie. Niks is te veel moeite of te groot werk nie, en jy skuld hom altyd net 10 sent daarvoor.

My vroegste herinneringe van my pa, is waar ek in my blou oorpakkie, hand-aan-hand saam met hom oorstap graan silo's toe, vroeg oggende visvang, leer dans op Pa se voete, klyphard luister na Queen en Smokie en Sondae na Tex Ritter se Deck of Cards. Hoe hy skelm vir my 'n bietjie suiker op my skorsie gooi as my ma nie kyk nie. Vir ons biltong-boekies kerf, 'n skelm stukkie vleis laat proe van die braairooster af as niemand kyk nie en witbrood met botter in vleissous doop.

Vir 'n beter voorbeeld kon ek nie vra nie, 'n onuitputbare bron van kennis en ondervinding. Daar is nie genoeg bladsye hier om te kan noem wat ek alles by my Pa geleer het nie en ek is beslis ook nog nie klaar geleer nie. Wat uitstaan is om dit wat ek vandag kan doen, te doen. Dit wat klaar is, is klaar, môre bring weer sy eie dinge.

Soms voel dit of ek steeds op Pa se skouers sit, en die wêreld vandaar verken. Dit was vir my 'n voorreg om vir 11 jaar die gange van SSK saam met Pa te kon loop. Dit gaan beslis stiller wees, maar ek weet gelukkig Oupa Uil sal vlieg.

- Marika Ackhurst

DIE LEISELS IS IN GOEIE HANDE

Mic Gildenhuis neem op 1 Augustus by James Ackhurst oor as Bestuurder van SSK Versekering. Hy het groot geword op 'n plaas in die Heidelberg distrik, matrikuleer aan die Hoër Landbouskool Oakdale en studeer daarna B.Agric. Admin by Stellenbosch Universiteit. Nadat hy sy studies voltooi het, werk hy by Standard Bank as Besigheidsbankier, waarna hy in die Heidelberg-distrik boer met graan en skape tot in 2019. Op 1 Mei 2020 sluit hy by SSK se Versekeringsafdeling in Heidelberg aan as Versekerings Adviseur. Hy slaag die baie moeilike RE5 kwalifikasie en behaal 88% met sy eerste probeerslag. Sy fokus is die voortsetting van die sterk verhoudings wat daar bestaan met SSK lede en kliënte. "Oom James het 'n fondasie van vertroue daargestel wat ek en my span met mening gaan handhaaf".



MARYKE LATEGAN: BOERVROU UIT DIE GROOT-KAROO

FOKUS OP: SSK VROUENS



Maryke Lategan

Maryke, vrou van SSK-lid Johan Lategan, is 'n kranige perde-ruiter en is onlangs by die Kuddekompetisie in Aberdeen aangewys as die "Boervrou van die Dag". Sy het 3 groepies Angorabokkies ingeskryf vir die kompetisie, wen die Vroueafdeling en kom algeheel sesde.

Sy vertel self die storie oor 'n dag in die lewe van 'n vrou op 'n Karooplaas:

"Die vooroggend is vinnig verby in die winter op ons plaas Midlands, naby Aberdeen in die Groot-Karoo. Die namiddae is maar kort om te boer. Die koue knyp erg en gaan sit in jou bene. Dit is skeertyd op Midlands.

Langhaar bokke moet met die lorrie op Karoorivier gehaal word. Karoorivier het nie "inja" plek vir 'n kaalbok as die erge koue kom nie. Oupa Kotie het altyd gesê, 'n honger bok is beter as 'n dooie bok. So is ek, my man Johan/Kraai/Tjol, (sy baie name en byname - vir my is dit sommer net "myskat") en Bentley, ons hond, hier af Karoorivier toe. Dit is snepend koud. Dik aangetrek wag ek maar in die lorrie met ruite toegedraai vir die bokke om aan te kom. Johan en Bentley loop lang ente die veld in, ek weet nie vir wat nie. Ek wag en

speel maar op my foon. Maar kyk, op daai oomlik kry ek 'n ongemak wat opdruk in my maag. Die vet weet, wat nou? Ek klim by die lorrie uit en bekyk die oopvlak. Stap om die lorrie en sê vir die twee manne wat wag by die kraal: "As my man na my soek, sê vir hom ek het gaan stap". Wie stap nou so vêr die koue vlak in, maar ek stap verwoed die veld in, seker hoekom die oumense gepraat het van 'n "veltjie vang". Ek mik vir die dikbos. Omsingel deur bos en gras is ek gedompel in algehele privaatheid. Ek stap terug lorrie toe, kompleet beplak met klitsgrasse aan my veters, kouse en broekspype. Trek af soos ek loop. Ek glimlag. Dis mos maar 'n boervrou se lot.

Ek hoor die bokke aankom. Die kraal is vol. Die laaiery gaan gou. Almal is moeg en koud. Die son se laaste strale begin neersak op ons. Ons sit die stuk in huistoe. Volvrag. Ons kan nie te vinnig ry nie. Die grondpaai is met geseënde reënwater weggespoel. Bentley sit geanker op my skoot. Kyk soos 'n kleinkind vasgenaël deur die voorruit vir steenbokke. Ek en Johan skerts oor boerderie en bou aan toekomsplanne. Ek voel hoe 'n stuk gras teen my boud krap. Skuif my net reg en sê niks. By die Pampoenbult "skip" Johan 'n "gear". Ek grynslag! Die ego tree gou in en hy sê: "Heyyyy dis 'n volvrag dié, jy moet jou ry ken teen die bulte!" Kameelshoogte is die laaste bult. Ek sien Midlands in die donker voor my uitgestrek, en ek dink...amper by die huis.

Die skeerders sit knus om die vuur langs die hoë steenkraalmuur. Die langhaar bokke alreeds ingejaag vir more oggend se "begin" skeer, want hier op Midlands mag daar nie tyd gemors word nie. Die lorrie maak sy staan langs die laaikraal. My verligting is groot, want die nou en dan se geskrou van 'n bok om sy ongemak hoorbaar te maak het my erg gepla. Ek spring met een slag uit, die koue skiet soos vuurpyle deur my voete soos ek te lande kom. Dit is volmaan. Ek en Bentley stap sommer huis toe. Die aand is stil, maar ek hoor die gekraak van die grondpad onder my voetsole, die geluid van die water wat ritsel onderdeur die laagwaterbrug. Soos die Psalmidigter sê, "Daar waar waters is, is daar rus."

Die lig van die maan skyn op my gesig. Ek voel 'n stille vrede. 'n Vrede wat net jy ken. 'n Dankbare vrede. Ek is dankbaar vir hierdie Karoo. Daar is eintlik niks beter as die Karoo nie. Soms laat hy jou so swak voel, maar eintlik maak hy jou van binne af sterk.

Maryke Lategan (Midlands, Aberdeen)

REËNVAL IN STREKE

STREEK	MEI 2023	JUNIE 2023	JULIE 2023
Aberdeen	83	29	2
Albertinia	91	122	48
Ashton	57	65	38
Avontuur	108	100	118
George	141	121	61
Heidelberg	85	104	35
Herold	58	93	72
Joubertina	62	73	113
Karringmelks	113	119	59
Knysna	145	102	90
Misgund	85	95	140
Mosselbaai	178	153	49
Protem	96	116	43
Plettenbergbaai	223	150	158
Riversdal	130	91	44
Swellendam	122	133	64
Uniondale	49	66	46

Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.

DER KELDERMEISTER

TOP 10 WINES

1. Van Loveren Pinotage
2. Van Loveren River Red
3. Perdeberg Soft Smooth Red
4. Beyerskloof Pinotage
5. Van Loveren Rooi Muscadell
6. Van Loveren Sauvignon Blanc
7. Alvi's Drift Signature Pinotage
8. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)
9. Jakkalsvlei Pink Moscato
10. Boplaas Cape Ruby Port

ADRI VAN ROOYEN: DIE PLAASKIND VAN DIE DE VLUGT PLAASKIND-PADSTAL



Adri van Rooyen die plaaskind van Die Plaaskind padstal.

Die Prins Alfredpas tussen Avontuur en Knysna is 'n onontdekte juweel wat min mense ken. Fietsryers van die Karoo to Coast-fietsren en pelgrims op die Pelgrimstog van Hoop ken die pad goed. As jy eenmaal daarlangs was, yskoue water by 'n stroom gedrink het en opgekyk het na die kranse vol ligene, sal jy dié pas nooit weer vergeet nie. Elke naambordjie langs die pad vertel sy eie storie: Tiekiefierug, Hangkrans, Vliedraai, Poskassie, "jy loer nog" en tata Riet se gat (meer oor elke naam se storie in 'n volgende uitgawe).

18-kilometer van Avontuur af, sak mens af na 'n vallei waar Die Plaaskind Padstal soos 'n oase op die moeë reisiger wag. Adri van Rooyen is die plaaskind wat jou met 'n breë glimlag en oop arms inwag. Ek kuier op 'n Vrydagmiddag by haar en haar dogtertjie Katelyn en voel dadelik tuis. Adri is passievol oor alles wat sy aanpak en sy droom duidelik groot.

Die rakke van die padstal is volgepak met unieke produkte, wat plaaslike mense aan haar lewer. Sy bied rakspasie vir naaldwerkers, konfytkokers, beskuitbakkers en 'n legio ander. Sy keur alle produkte streng en slegs plaaslike verskaffers binne 'n radius van 30-kilometer se produkte word aanvaar.

Adri bak self die koeke en terte en warm roosterkoeke met botter, kaas en konfyt is heeldag op die spyskaart. Haar bekende leuse, wat groot geskryf staan op die wit muur buite die gebou is nie verniet "ons krag is in ons koeke" nie! Sy borrel oor as sy vertel dat sy die nostalgie van plaas en plaaskos wil laat voortleef met boerekos wat reisigers weer-en-weer sal laat terugkom. "Mense moet verryk voel as

hulle hier weggaan. Nie net omdat hulle lekker geëet het nie, maar ook oor die lekker gesels en die bekende belewenis van boeregasvryheid".

Na 2 jaar in Nieu-Seeland het sy en Katelyn teruggekeer na haar ouers se plaas en dadelik skaaptjops en aartappels by haar ma bestel. "Suid-Afrika se kos is die lekkerste in die hele wêreld". Sedertdien gaan Adri van krag tot krag. Die 3 huise op die perseel is nuut gerestoreer en Ou Dok-se-huis, Bainse-huis (waar Thomas Bain en sy gesin gebly het tydens die bou van die pas) en Die Kliphuis bied slaapplek vir altesaam 22 mense. Sy vertel van planne om 'n staproete op die plaas te vestig en landbou kampe vir kinders aan te bied waar hulle kan leer melk, aartappels uithaal en oor die natuur op 'n plaas kan leer. Sy wil boerekos soos bobotie en bredies op die spyskaart sit wat mense van Knysna en Plett die pas sal laat ry tydens vakansies en naweke.

Katelyn is duidelik ma-se-kind en in haar element hier. Sy is 8-jaar oud en word tuis onderrig, maar haar ervaring op die plaas kan geld nie koop nie. Adri vertel dat Katelyn van geboorte af al 'n plaaskind in murg en been is. Sy melk, help vleissaag en is nie bang om skaap vas te hou as daar geslag word nie. "My kind weet 'n plaasdier is nie 'n troeteldier nie". Agri Wes-Kaap het onlangs 'n kompetisie geloods waar plaaskinders foto's kon instuur. Katelyn het weggestap met die eerste prys met haar ma se foto van waar sy op 'n krat sit en melk. Die R1000 prysgeld is dadelik gebruik om saad te koop. Haar ma vertel trots dat sy self met die saadmaatskappy onderhandel het om 'n pakkie te borg vir elke pakkie aangekoop. Tydens my besoek kom sy aangestap met 2 reuse aartappels. Hulle word net met plaasmis gevoed en weeg tot en met 1,2 kilogram elk. "As jy hulle net so met die grond aan bêre in 'n koel plek, hou hulle tot 2 maande en spruit nooit uit nie".

Sal Adri ooit inskryf vir "Boer soek 'n Man"? "Nooit gesien nie! Die jopies van vandag sal nie kan byhou nie, hulle slaap te laat. Hulle sal ambagte moet ken, kan boer en kan kook. Daar bestaan nie so 'n man nie!"

Na die besoek keer my gedagtes telkens terug na Adri en Katelyn. Hulle sou kaalvoet oor die Drakensberge kon stap en berge versit. Stil broers, daar gaan 'n vrou verby!

Kontak besonderhede: www.theprincealfredpass.co.za
Tel net per what's app: 063 743 1806
E-pos: info@theprincealfredpass.co.za

- Annelie van Wyk
Senior Bestuurder: Bemaking en Kommunikasie



Katelyn wêét van boer.



Armandt Horne, Senior Bestuurder: Meganisasie was onlangs by Hoër Landbouskool Oakdale om die o/18 touthrekkers (560kg) se Proteaklere te help oorhandig. Hulle gaan Suid-Afrika vanaf 31 Augustus in Sursee, Switzerland verteenwoordig by die Wêreldkampioenskappe. Hulle leuse is Uithou, Aanhou, Volhou. Ons stuur hulle ook weg met SSK se leuse: Werk saam en Wen saam Bulle!

SSK EN MOOV PROMOSIE WENNERS

SSK in samewerking met Moov het onlangs 'n promosie veldtog geloods waar kliënte 'n Weber braai kon wen deur Caltex smeermiddels te koop.



Die wenner van George Onderdele. v.l.n.r Kolie Britz (Moov) Gert Beyleveld (Heidekruin plase) en Gavin Vries (Onderdele Bemarker).



Wenner by SSK Meganisaie op Heidelberg. In die foto staan v.l.n.r Kolie Britz (Moov) Ollie Burger (Onderdele Bestuurder) en Alfred Rademan (AG Rademan boerderye).



Wenner by Meganisasie op Swellendam. In die foto staan v.l.n.r Rossouw Swart (RR Swart boerdery) Chris Boshoff (Onderdele Bestuurder) en Kolie Britz (Moov).

JAMES SE STAATMAKERS IN DIE KANTOOR, HEIDELBERG



V.l.n.r: Claire Nel, Amoritha Koen, James Ackhurst en A'nel Kleynhans.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com

Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting. Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

